

22 September

Markus 2:1-12; (Teks: 2:5, 12)

Gelowige aanvaarding

Jesus het die stad Kapernaum ongemerk binnegekom nadat hy deur die hele Galilea gereis het, na die ongehoorsame optrede van die geneesde melaatse (Markus 1). Dit duur egter nie lank nie of die mense wat gehoor het wat in Galilea gebeur het, is die hele huis vol. Hulle is gretig om Hom weer te sien en te hoor. Daar is selfs Fariseërs en wetsgeleerdes uit Galilea en Judea.

Skielik is daar 'n onderbreking - stof en 'n groot geraas en hier sak 'n verlamde man deur die dak tot vlak voor Jesus. Jesus, aangegryp deur hulle geloof, vermaan nie die mense oor die eiereg om iemand anders se dak te beskadig nie. Nee, Hy sê vir die verlamde: "Vriend, jou sondes word vergewe!"

Die Skrifgeleerdes redeneer Ou Testamenties heel korrek as hulle sê dat net God kan vergewe. Hulle is egter so vasgevang in hul redenasies dat hulle die gebeure voor hulle miskyk. Hulle sien nie dat Hy alwetend is nie, want Hy ken hul gedagtes. Hulle sien nie dat Hy Almagtig is nie, want deur 'n enkele woord rig Hy die verlamde op. Hulle sien nie dat die een wat deur vier aangedra is sy eie bed wegdra nie. Hulle kom vol kennis, vol van oortuiging, maar hulle gaan leeg weg, want hulle glo nie.

Die verlamde met sy vriende nader in nederige geloofs-afhanklikheid as sondedraers. Hulle gaan vry, verlos en genees uit om God te prys.

Aanvaar jy alles wat elke dag in, om en met jou gebeur gelowig? Of gaan dit leeg by jou verby?

Sing: Skrifberyming 33:1,2,3

Ds. S. Hibbert (Koster)